

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-4:1, 2 (33:1, 2)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het / van die eewige vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trosslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Gebed

Psalm 103:6, 7 (p. 505)

- 6 Soos hoog bo ons verrys die hemelboë, / so sal sy guns, uit eewige mededoë
geweldig hoog bo al sy kinders staan. / En soos die oosterkim se helder glanse
ver weg is van die kwynende awendtranse, / so ver het Hy ons sondes weggedaan.
- 7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.

Skriflesing: Johannes 1:1-18; Matteus 6:9-13; Heidelbergse Kategismus, Sondag 46:120

Kernvers: Johannes 1:18

Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.

(Johannes 1:18 AFR1953)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 120: Waarom het Christus ons beveel om God as ons Vader aan te spreek?

Antwoord: Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge vir ons ontsê (a).

(a) Matt 7:9-11; Luk 11:11-13.

Tema: Christus beveel ons om God as *Ons Vader* aan te spreek

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, daar is mense wat die standpunt huldig dat God, nadat Hy die hemel en die aarde geskep het, Hom geheel en al van wat hier op die aarde gebeur, onttrek het. Hierdie manier van praat oor God word deïsme genoem. En in die gereformeerde teologie word die begrip *deïsme* gewoonlik so verduidelik: Dit is soos 'n horlosiemaker wat 'n horlosie maak en dit dan opwen. Daarna los hy die horlosie om maar aan te hou loop en die horlosiemaker gaan aan met sy ander werk. Hy steur hom nie weer aan die horlosie nie, want hy het hom mos opgewen.

God sou dan, volgens die Deïste se siening, Hom net nie weer steur aan wat hier op die aarde gebeur nie. Hy het mos die aarde nou geskep en lewe op die aarde gegee. Dus sal alles maar net aanhou gebeur totdat die lewe hier op aarde ophou.

Dan is daar weer ander mense wat meen dat God nie heeltemal die aarde gelos het om maar self aan te gaan nie. Volgens hulle is God nog so af en toe betrokke by wat op die aarde gebeur. Hy is nie heeltemal weg van die aarde af nie, en Hy is Hy ook nie voluit betrokke by die aarde nie. Hy gryp net so af en toe in in die dinge wat hier op die aarde gebeur. En tussen die oomblikke wat God ingryp, gebeur die dinge maar so half outomaties op die aarde.

Broers, susters en kinders, albei hierdie sienings oor wie God is en hoe Hy met die aarde en die mense op die aarde besig is, is 'n puik resep om mense moedeloos en terneergedruk te maak. Volgens die eerste siening moet ons mense nou maar aankarring en wanneer dit benoud gaan, moet ons maar wens dat die einde van die lewe baie naby is. Volgens die tweede siening moet die mens maar net wens dat die volgende oomblik wanneer God gaan ingryp baie naby is. Ons kom dus agter dat daar in hierdie sienings geen troos is nie. Die mens bly maar uitgelewer aan die grille en giere van wat hier op aarde gebeur.

Ware gelowiges sien die betrokkenheid van God by die aarde heeltemal anders as die mense van wie ons nou so pas gepraat het. Ons glo immers dat die almagtige God, die Skepper van hemel en aarde, ter wille van sy Seun Jesus Christus ons Vader is. Ons glo verder dat God van die begin af dat Hy geskep het tot nou toe en tot aan die einde van hierdie skepping voluit betrokke is by die mense en die hele skepping. Hy regeer en onderhou die skepping nog steeds met sy eie hand. Hierdie dinge bely ons in Sondag 9 van ons Kategismus. God het dus belang by wat hier op die aarde gebeur, want dit is sy handewerk en sy Naam is aan hierdie skepping verbind.

En as ons sê dat ons dit glo, is dit nie iets wat ons onself sommer maar net wysgemaak het sodat die lewe op aarde vir ons draaglik kan wees nie. As gevolg van die Heilige Gees se werk in ons weet ons dat alles wat in die Bybel geskryf staan die waarheid is. En deur hierdie oortuiging wat die Heilige Gees in ons bring, werk Hy in ons die vaste vertrouwe dat Jesus Christus nie net vir ander die reg verdien het om kinders van God te wees nie maar ook vir ons.

Nou kan iemand egter vir ons vra: Wat lees julle in die Bybel dat julle kan sê dat die Heilige Gees julle van God se volgehoue betrokkenheid by die aarde oortuig? Wel, in kort kan ons sommer antwoord dit wat in Genesis 3 vir ons gesê word. Nadat die eerste twee mense presies die teenoorgestelde gaan doen het as wat God gesê het, naamlik om van die boom se vrugte te gaan eet wat die Here hulle verbied het, het die Here hulle nie maar net gelos nie. Natuurlik het God alle reg gehad om van die eerste twee mense ontslae te raak nadat hulle so ongehoorsaam was. In plaas daarvan dat Hy hulle maar net los of van hulle ontslae raak, soek Hy hulle weer op. Dit is in hierdie soek en naderroep van die mens dat God reeds begin het om sy hart vir ons te wys. Hy los die aarde en die mense daarop nie sommer maar net nie. Dit is sy wêreld. En Hy het hierdie wêreld lief. En Hy gaan sy mense en sy hele skepping uit hierdie gemors verlos waarin die mense hulleself gedompel

het.

Natuurlik is dit net die Heilige Gees wat mense kan oortuig dat hierdie optrede van God in die begin van die Bybel van sy liefde vir sy skepping en vir sy mense getuig. Geseënd is ons dat die Heilige Gees die geloof aan ons gegee het om God se liefde in hierdie eerste hoofstukke van die Bybel te kan raaksien.

Wanneer ons later by Sondag 13 van ons Kategismus kom, geliefdes, dan bely ons dat God ons ter wille van Christus as sy kinders aangeneem het. Omdat Christus ons sondeskuld aan die kruis betaal het, en omdat die Heilige Gees in ons die geloof werk en ons kan glo dat Christus ook ons sondeskuld betaal het, mag ons onself as kinders van God beskou. Deur hierdie volmaakte verlossingswerk van Christus en deur die geloof in Hom het Christus aan ons **die reg gegee om kinders van God te word**.

Broers, susters en kinders, Christus kon hierdie reg om kinders van God te wees aan mense gee wat in Hom glo omdat Hy sy Vader volmaak ken. **Niemand het God ooit gesien nie**. God is immers Gees, daarom is God vir sondaars onsienlik. Christus is egter volmaak en sonder sonde. Hy is immers die **eniggebore Seun van God** en self God en Hy **is in die boesem van die Vader, en Hy het God aan ons verklaar**. Wie Jesus Christus leer ken het, het God die Vader leer ken, want in Jesus Christus het God self na die aarde toe gekom.

Jesus was nie maar net iemand wat langs die Vader was en wat na hierdie wêreld gekom het nie. Dit wat Christus ons van die Vader kom leer het, was nie maar net wat Hy van die Vader gesien het nie. Wanneer ons sê dat ons 'n ander mens ken, kan ons vir ander mense vertel hoe die persoon lyk en hoe hy of sy optree en wat sy geaardheid is. Jesus se verklaring van God die Vader is nie maar net so 'n vertelling van hoe God lyk en hoe sy geaardheid is nie. Jesus se verklaring van die Vader is nie maar net sy eie ervaring van die Vader nie. Jesus, **die eniggebore Seun van God is in die boesem van die Vader**. Dit is eerder asof God tot binne-in Homself gereik het en sy eie hart uitgehaal het toe Hy vir Christus na die wêreld toe gestuur het.

Christus kom dus van binne sy Vader uit na ons toe. En as Hy sy Vader aan ons verklaar, dan wys Hy vir ons: so is my Vader. Hy is barmhartig en vol liefde en genade en Hy is regverdig. Hy verduur nie die sonde nie. Hy straf dit regverdig. En op Golgota dra Christus juis hierdie regverdige straf op die sonde van mense. En in sy dra van die straf op die sonde, skenk God uit sy oorfloedige barmhartigheid en liefde aan mense genade. Hulle word vergewe. Op Golgota hoor ons in elke woord en asemhaling van Jesus die hartklop van die Vader vir hierdie wêreld wat Hy liefhet.

Wanneer ons dan in elke woord en daad van Christus God se hartklop vir hierdie wêreld hoor, geliefdes, besef ons opnuut dat God glad nie onbetrokke teenoor hierdie aarde en die mense daarop staan nie. Hy is in sy volle wese by hierdie wêreld en by ons voluit betrokke omdat Hy sy skepping en sy mense uit hulle gemors wil red.

En omdat Christus die ewige Seun van God hierdie uiterste vernedering gewillig in ons plek deurgemaak het om sy Vader se wil ten volle uit te voer deur ons te verlos, wil Hy daarom sy ewige Vader met ons mense kom deel. Hy gee ons die reg om kinders van God te wees. Christus wil hê dat ons sy Vader as ons eie Vader in die hemel sal ken. Daarom beveel Hy ons: **So moet julle bid: Ons Vader wat in die hemel is ...**

Deurdad Christus uit die Vader se boesem na ons gekom het en voluit in ons plek voor die regterstoel van sy Vader gestaan het om in ons plek gestraf te word, wil Hy hê dat ons sy Vader nie anders as *Ons Vader* moet aanspreek nie. Christus trek ons so te sê in sy Vader se hart in wanneer sy Heilige Gees ons met die ware geloof in Christus inlyf. Hierdie bevel van Christus dat ons sy Vader as *ons*

Vader moet aanroep kan ons daarom nie maar net ligtelik ignoreer nie. Wanneer ons God nie so wil aanroep nie, trek ons 'n streep deur Christus se werk vir ons, trek ons 'n streep deur die Heilige Gees se werk en word dit vir ons onmoontlik om te bly glo dat God werklik voluit betrokke bly in hierdie wêreld.

Maar wanneer ons gehoorsaam bly aan hierdie bevel Christus, wek Christus in ons die **kinderlike vrees en vertroue op God**. Hoor ons dit goed genoeg, broers, susters en kinders? Christus wil hê dat ons sy *Vader ons Vader* sal noem, sodat Hy deur ons gehoorsaamheid aan Hom in ons kinderlike vrees vir en vertroue op God sal wek. Hy wil met ons woorde *ons Vader* in ons hart werksaam wees.

Kinderlike vrees, moet ons asseblief tog baie goed verstaan, is nie om vir God bang te wees nie. Christus het nie gekom om mense met sy Vader bang te maak nie. Hy het ons ook nooit met sy Vader se regverdige oordeel kom dreig nie. Hy het die regverdige oordeel in ons plek gedra sodat sy Vader juis ook ons Vader kan wees. Nee, die kinderlike vrees wat Christus in ons wek wanneer ons God as *ons Vader* aanspreek, beteken dat Christus wil hê ons moet dieselfde eerbied en respek vir sy Vader hê as wat Hy vir Hom het. En ons kan maar elkeen van Christus se 21 gebede in die Nuwe Testament nagaan. In elkeen van hulle hoor ons die eerbied en respek wat Christus, die ewige Seun van God, vir sy Vader het.

Christus het nooit sy Vader as *jy* en *jou* aangespreek nie. Daarom durf ons, wat aangenome kinders is, God ook nooit so aan te spreek nie. Ons hemelse Vader is nie 'n hierjy met wie ons sommer kan praat soos wat ons wil nie. Hy is die almagtige God en ons praat met eerbied en respek met Hom soos wat Christus ons geleer het en dit self ook gedoen het. Respek en eerbied beteken nie dat daar so 'n afstand tussen ons en God is dat ons nie soos kinders met Hom kan praat nie. Inteendeel, die Heilige Gees dring ons al nader aan God deur Christus dat ons self God kan aanroep as *Abba Vader*. Dit maak Christus se blydschap vol wanneer ons naby sy Vader gekom het dat ons Hom selfs as *Pappa Vader* kan aanspreek.

En deurdat ons die almagtige God met soveel vertroue aanroep as Vader wek Christus in ons die kinderlike vertroue dat sy Vader **ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê**. Aangesien ons deur Christus kinders van God is, mag ons as kinders alles vra wat ons nodig het. Hy is mos ons Vader en ons is as kinders voluit van Hom afhanklik. Ons hemelse Vader is immers volmaak. En sy liefde oortref verreweg die liefde van aardse vaders. Ons het dit juis by Golgota gesien. As ons dan weet hoe lief Hy ons het, het ons mos alle rede om met volle vertroue elke nood wat ons het na Hom toe te bring, en Hy gaan presies weet hoe om daardie nood van ons aan te spreek of ons probleme op te los.

Ons vertroue in ons hemelse Vader sluit ook in dat ons, net soos Christus, weet dat Hy altyd beter weet wat vir ons goed en reg is. Ons is maar net kinders by Hom. Daarom vertrou ek ook aan ons hemelse Vader toe om te besluit wat vir my nodig is.

Geliefdes, Christus se koms na hierdie wêreld, sy woorde en sy uiteindelijke volmaakte werk aan die kruis is die hartklop van God. In alles het Christus sy Vader se liefde en sorg vir hierdie wêreld en in besonder vir ons sy kinders bekendgemaak. As Christus ons beveel om God as *ons Vader* aan te roep, doen Hy dit omdat Hy sy Vader en sy wil honderd persent ken. God wil hê dat ons Hom *Vader* sal noem. Mag Christus daarom elke keer deur ons aanroeping van ons Vader wat in die hemel is in ons die respek en eerbied wek sodat ons met volle vertroue ons gebed tot Hom sal rig.

Amen!

Slotgebed

Psalm 33:6, 11 (p. 159)

- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
4 Maart 2012